

# Gereformeerde Kerk Bellville – 12 Februarie 2017 – Oggend

## Sing vooraf staande: Psalm 2:1, 6 (p. 5)

- 1 Wat dring en dryf die wilde heidendom, / dat volke raas in opgewondenheid?  
Gedugte konings staan gereed alom, / en wêreldgrootes raadslaag vir die stryd,  
om God almagtig na die kroon te steek / en saam teen sy Gesalfde op te staan.  
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek / en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"
- 6 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydskap wat Hom huldig as die HEER,  
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.  
Want lig'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.  
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 89:1, 6 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys  
het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.  
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;  
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

## Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

## Psalm 86:3, 6 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;  
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.  
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!  
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smeek.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;  
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.  
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,  
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Gebed

## Skrifberyming 14-1:1, 2

- 1 Waak, Christen, staan in die geloof / dat niemand jou die kroon ontroof!  
Wees wys en dapper, sterk en moedig, / – steeds toegewy aan God se werk,  
standvastig, onbeweeglik, sterk, / vol ywer, altyd meer oorfloedig –  
dan sal jou arbeid in die Heer / tot seën wees, sy Naam ter eer!
- 2 Wees, Christen, in jou Heer versterk, / want Hy wil altyd in jou werk  
om kwaad en sonde te weerstrew. / Verrig jou taak met vaste hand,  
en doen jou woord altyd gestand; / wil daarby rein en matig lewe.  
En wil die Here dat jy ly, / o Christen, leer geduld daarby!

**Skriflesing:** Daniël 7

**Kernverse:** Daniël 7:21-22

**Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin, totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het. (Daniël 7:21-22 AFR53)**

**Tema:** Die wêreldpolitiek teen die kerk binne God se raadsplan

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, met die uitbreiding op tegnologiese gebied het die verspreiding van inligting verstommend versnel. Met die druk van 'n knoppie word boodskappe met gepaardgaande foto's en video's binne sekondes na wie weet hoeveel mense op enige plek op aarde gestuur. Hierdie ontploffing om inligting te stuur en te ontvang het die wêreld waarin ons leef klein gemaak. Binne 'n oogwink kan jy 'n klomp inligting oor wêreldgebeure wat oor baie jare gebeur het op jou rekenaarskerm sien.

Vandag is egter nie die eerste keer dat 'n mens 'n geheelbeeld van die wêreldgeskiedenis en wêreldpolitiek kan kry nie. Hier in Daniël 7 het die Here al in die jaar 553 vC aan Daniël 'n geheelbeeld gegee van die wêreldpolitiek van waar hy in die geskiedenis was tot en met die wederkoms van Jesus Christus en die laaste oordeel. Google kan nog net die geskiedenis wys tot vandag toe. Net die Here kan die verloop van die geskiedenis wys tot op die heel laaste dag van hierdie aarde soos wat ons dit ken.

Dit is egter nie die eerste keer dat die Here aan Daniël die ganse verloop van die wêreldgeskiedenis so openbaar nie. In Daniël 2 lees ons van die openbaring wat die Here aan Daniël gegee het oor die droom wat koning Nebukadnesar gehad het. Maar waar Daniël vroeër die drome en gesigte van die heidense konings in wie se regerings hy gedien het, verklaar het, is Daniël nou die een wat self die drome en gesigte van die Here ontvang.

Daar is bepaalde ooreenkomste tussen die openbaring in Daniël 2 aan Nebukadnesar en dit wat Daniël in sy droom gesien het nie. Daar is egter ook radikale verskille tussen die twee drome. Nebukadnesar het in sy droom 'n beeld van verskillende metale gesien waarmee sy koninkryk en die opeenvolging van nog vier ander koninkryke na hom afgebeeld is. Uiteindelik het daar 'n klippie losgekom van 'n berg af en terwyl dit afrol, het dit al groter geword. Uiteindelik het die rots teen die voet van die beeld in Nebukadnesar se droom gestamp en die beeld verpletter en die rots het groter geword en die hele aarde gevul. In Daniël se droom is daar nie vyf nie maar vier opeenvolgende koninkryke. Maar nou is die beligting anders. Daniël sien ander detail raak wat die Here nie vroeër aan Nebukadnesar gewys het nie.

Vanuit die heiden se oogpunt lyk die wêreldse koninkryke mooi en blink – goud en silwer, koper en yster. Die wêreldse mens in sy vervreemding en verwydering van God en in sy onbekendheid met die majesteit, genade en geregtigheid van God sien net die skoonheid en kultuur en mag van die aardse koninkryke. In die oë van die ongelowiges is daar net vooruitgang in die wêreldgeskiedenis – alles word beter en groter. Daar is al minder grense wat die mensdom in sy vooruitgang kan stuit en die mens kan inperk. Die aarde is nie meer genoeg vir die mens nie. Mars moet ook nou 'n kolonie vir die mensdom word.

Deur die oë van die gelowige lyk die koninkryke van die aarde heeltemal anders. Daniël sien die wêreldkoninkryke nie as glinsterende edelmetale nie, maar ... as roofdiere! Koninkryke nie met 'n hoë kultuur en uitnemende morele waardes nie, maar met 'n

onversadigde roofigheid, vernieling en geweld wat in die oë van mense, soms selfs in die oë van gelowiges, geen perke ken nie.

Kom ons volg die Heilige Gees wanneer Hy ons in die rykdom van hierdie hoofstuk inlei. Die eerste wat Daniël in sy droom opgemerk het, is die vier winde van die hemel wat die groot see in beroering gebring het. Die groot see in Daniël se droom is nie 'n oseaan wat op

'n landkaart geteken is nie. Hierdie see is die hele mensdom op die ganse aarde – die volkeresee, soos wat Johannes ook in Openbaring 13 gesien het.

Alhoewel daar beweging in hierdie see van volke is, gebeur daar nie iets noemenswaardig nie totdat die vier winde van die hemel die see in beroering bring. Dit is God wat alleen heerskappy voer in sy skepping en oor elke skepsel. Hy bring beroering in die volkeresee sodat vier groot diere uit die see uit opklim. God het die wêreldgeskiedenis en wêreldpolitiek bepaal – dit gaan onvermydelik op een groot oorlog uitloop tussen die koninkryke van die aarde en die koninkryk van God. Hierdie oorlog moet kom, want God wil die oorwinning wat Jesus Christus aan die kruis oor die duivel en die sonde behaal het op internasionale skaal bevestig met die laaste oordeel.

Die tergende vrae wat by gelowiges opkom wanneer hulle gedeeltes soos Daniël 7 lees, is: Van watter koninkryke word hier gepraat? Kan 'n mens uit hierdie openbaring oor die wêreld-geskiedenis bepaal in watter deel van die geskiedenis ons nou leef en hoe ver die weder-koms van Jesus is? Op albei hierdie vrae is daar 'n positiewe en miskien 'n minder positiewe antwoord. Wat die eerste vraag betref, kan die diere tot 'n sekere mate met bekende wêreld-se koninkryke geïdentifiseer word.

Die eerste dier het soos 'n leeu gelyk en hy het arendsvlerke gehad. In hierdie dier sien 'n mens die Babiloniese ryk van Nebukadnesar en dit stem ook ooreen met die goue hoof van die beeld in Nebukadnesar se droom. Daar is talle afbeeldings uit die ou Babilonië van leeu's met arendsvlerke as 'n voorstelling van hierdie wêreldmag van destyds. Die leeu word algemeen as 'n koninklike dier beskou. En die arendsvlerke is tekenend van die uitgebreidheid van sy koninkryk oor die hele wêreld. 'n Mens hoor dit in die brief wat Nebukadnesar geskryf het nadat God hom verneder het (Dan 4:1).

Maar terwyl Daniël nog na hierdie eerste dier gekyk het, is sy vlerke afgeruk en is hy op twee voete neergesit soos 'n mens en 'n mensehart is aan hom gegee. Hierdie gebeure sien op hoe die Here vir Nebukadnesar verneder het. Na sy vernedering het Nebukadnesar self erken dat God alleen heerskappy voer en niemand kan Hom tot verantwoording roep nie. Hierdie eerste koninkryk is ingeperk en tot 'n einde gebring deur die Here self. Alle aardse koninkryke is van korte duur so moes Nebukadnesar en die hele Babiloniese ryk tot hulle eie ontnugtering besef. En na die Babiloniërs is daar talle koninkryke wat tot hierdie besef moes kom. Daar is nie een aardse koninkryk wat vir ewig kan bestaan nie. Nie eers die ANC het die reg om dit te sê nie, want reeds in hierdie dae merk 'n mens op dat ook die ANC se vlerke nie meer so ver sprei as voorheen nie.

Net die koninkryk van die Allerhoogste is 'n ewige koninkryk. En die heerskappy en eer en koningskap van hierdie koninkryk het die Vader aan sy Seun Christus gegee. Net hulle wat buig onder die gesag van Koning Jesus en Hom erken as hulle Here en Verlosser sal ewig lewe. Net Christus se heerskappy sal nie tot niet gaan nie en sy koningskap sal nie ophou nie.

Die tweede dier het soos 'n beer gelyk wat op sy agterpote staan met drie ribbebene in sy bek. En hy word aangehits om vleis te vreet soveel as wat hy wil. Die een slagoffer is nog in sy bek wanneer hy gereed is om die volgende een aan te val. Hierdie dier herinner aan die ryk van die Meders en Perse. Die koninkryk van Kores het 'n onversadigbare veroweringshonger gehad. Aggressie en vraatsug is kenmerkend van hierdie koninkryk.

Die karaktertrekke van hierdie koninkryk is deur die eeue gesien in talle koninkryke. Die een land na die ander val mekaar aan en daar word ten bloede baklei vir 'n stuk grond. Die kant wat deur die politici en staatshoofde deur die media aan die wêreld voorgehou word, is dat al hierdie aanvalle daarop gemik is om vrede in die wêreld te herstel. Groot moondhede gryp met militêre mag in om demokrasie te vestig asof demokrasie die bringer van vrede kan wees.

Iets van hierdie dier se karaktertrekke word ook in die dwelmbase en bendeleiers se optrede opgemerk. Die bloed van die een slagoffer drup nog van hulle hande dan is hulle reeds besig met hulle volgende slagoffer. Aggressief en vraatsugtig woed hulle voort om hulle seggenskap oor so 'n groot as moontlike gebied uit te brei en te laat geld.

Die derde dier het soos 'n luiperd gelyk en op sy rug was daar vier vlerke soos dié van 'n voël. Daarby het hy ook nog vier koppe gehad. Die eienskappe van hierdie dier of koninkryk herinner aan die Griekse oorheersing van die wêreld na die Meders en Perse wat met Alexander die Grote begin het. 'n Luiperd is van nature vinnig, maar hierdie luiperd het nog vier vlerke ook gehad. Hy was so vinnig dit het gelyk of sy pote nie eers grond raak nie. Alexander die Grote het binne die bestek van tien jaar die ganse wêreld van Masedonië en Griekeland in die weste tot aan Indië in die ooste en Egipte in die suide onder Griekse oorheersing gehad. Op drie-en-dertigjarige ouderdom het hy gesterf en die hele grond-gebied is onder sy vier generaals verdeel – daarvandaan die vier koppe van die luiperd.

Hierdie derde dier se eienskappe kan ook in later heerskappye en koninkryke opgemerk word. Die mensdom het op verskeie terreine vinnige ontwikkelings en ontdekkings gemaak. Honderd jaar gelede was die meeste mense se vervoermiddel 'n perd of te voet. Vandag is dit vreemd as daar nie ten minste een motorvoertuig by 'n huis staan nie. Om 'n brief te skryf is vir baie kinders 'n heeltemal vreemde konsep. Die dinge wat mense uitdink en maak, is elke dag nog meer verstommend. Die spoed waarteen die mens van die een plek van die aarde na 'n ander deel gaan, word net al vinniger. Daar is min plekke op hierdie aarde wat 'n mens nog nie gesien of aangeraak het nie.

Die vierde dier is skrikwekkend en vreesaanjaend met sy ystertande waarmee hy alles wat voorkom verslind en dit wat oorbly met sy pote vertrap. Daarby het die dier ook nog tien horings gehad. Hierdie dier het so totaal anders as enige van die ander diere gelyk dat dit vir Daniël nie moontlik was om 'n vergelyking te tref nie. Toe is daar nog drie van die tien horings ontwortel om plek te maak vir 'n klein horinkie. In hierdie laaste horing was daar oë soos menseoë en dit het 'n mond gehad wat die vreeslikste verwaande dinge kwyt-geraak het.

Vandag is dit miskien makliker om 'n voorstelling te maak van hierdie laaste dier as wat dit vir Daniël was om uit te maak wat hy gesien het. Hier het 'n mens eintlik met iets heeltemal ongehoords te doen, maar vir die mensdom van vandag nie iets ondenkbaars nie. Dit is iets soos 'n masjien wat moontlik deur 'n rekenaar beheer word. Maar daar is iets dierliks en iets mensliks ook aan die ding.

Die tien horings van hierdie laaste dier is tien konings wat in hierdie laaste koninkryk sal regeer. Maar dan sal daar een koning kom wat drie ander konings sal onderwerp en dan gebeur in alle felheid waarop die ganse aardse koninkryke afstuur. Hierdie laaste horing voer oorlog teen die heiliges. Die heiliges is die mense wat deur Jesus Christus aan die kruis verlos is van die ewige oordeel van God. Dit is dieselfde mense wat deur die Heilige Gees heilig gemaak word om uiteindelik saam met Christus in die ewige koninkryk van God te regeer. Al wat 'n aardse koninkryk is sal einde ten laaste al hulle magte en kragte saam-span teen die koninkryk van God.

Alhoewel die volkere mekaar tans nog aan die keel gryp, is hulle uiteindelijke doelwit nie om mekaar te verskeur nie. Nee, hierdie diere se naels is uitgesprei en hulle tande ontbloot om die kudde van Jesus Christus te vermorsel. Om net terug te kom na die vraag of hier net van sekere koninkryke sprake is. Dit lyk eerder of met hierdie vier koninkryke na die hele mensdom in hulle goddelose heerskappy verwys word. Die getal vier word deurgaans in die Bybel gebruik as 'n getal wat na die aarde verwys. En die tien konings wil nie noodwendig sê dat daar net tien konings sal wees in die laaste koninkryk nie. Tien word dikwels ook gebruik om die volle getal van iets aan te dui. Dit wil sê, die ganse wêreld se regeerders sal teen God se koninkryk wees. En hulle sal almal staan onder die heerskappy van een laaste een – die wettelose mens waarvan Paulus skryf (2 Tess 2:3) of die antichris waarvan Johannes skryf (1 Joh 2:18). Daar is dus werklik nie 'n stygende lyn in die ontwikkeling en vooruitgang van die aardse koninkryke nie. Dit word nie al beter nie, maar al slegter, want al die aardse koninkryke rig hulle uiteindelik teen die koninkryk van God.

Dit is egter nie net die aardse koninkryke wat smag na uitbreiding en vermeerdering van hulle grondgebiede nie. Die koninkryk van God laat hom ook nie deur mensgemaakte grense afskrik nie. Christus het voor sy hemelvaart die uitbreidingsplan van God se koninkryk bekend gemaak. Wanneer hulle die Heilige Gees ontvang het, sal hulle sy getuies wees in Jerusalem, in Judea, in Samaria tot aan die uithoeke van die aarde. Jesus Christus is dié Koning van die ganse skepping. Uit elke volk, taal en nasie maak Hy met sy Gees en Woord sy kerk – sy koninkryk – bymekaar. Deur Christus alleen is ware vrede moontlik, want net Hy het die prys van die sondige vyandskap van mense by God aan die kruis betaal. Net deur sy kosbare bloed is daar versoening moontlik tussen God en mense en skepping.

Die uitbreiding van hierdie koninkryk gaan nie met geweld gepaard nie, maar geskied alleen deur die verkondiging van die lewende Woord van God. Daar is geen bloedvergieting deur hierdie uitbreiding van God se koninkryk nie, maar elkeen vir wie Christus aan die kruis gesterf het word uit die kloue van die geweldenaar geruk.

Broers, susters en kinders, die koninkryk van God is niemand anders nie as hulle wat met hulle woorde en dade bely dat hulle deur Jesus Christus verlos is. Wanneer 'n kerk wat deel is van Christus se koninkryk haar uitbreidingsplanne laat vaar het, het sy in effek haar doodsvonnis geteken. Die aardse koninkryke sit nie een oomblik stil nie. Hulle mobiliseer en val aan, want die duiwel doen hom voor as die heerser van die aarde.

Laat elkeen van ons wat homself 'n Christen en 'n kind van God noem die swaard van die Gees opneem en gaan verkondig. Die eindoorwinning is verseker. Die leeu van Babel word neergewerp, maar die Leeu uit die stam van Juda het oorwin. Sy koninkryk is die ewige koninkryk en sy heerskappy ken geen einde nie.

## **Amen!**

### Slotgebed

#### Skrifberyming 7-1:1, 3 (31;1, 3)

- 1 Toe sien ek teen die bloue vert' / 'n ruiter op sy haelwit perd; / en 't was om Hom stormagtig,  
want Hy, die ruiter, voer sy stryd / en oordeel in geregtigheid; / sy Naam is: Trou, Waaragtig.  
Sy oog is soos 'n vlam van vuur, / sy krone skitter in die uur / van langverwagte oorwinning.  
Sy Naam, diep met sy wese een, / deurgrond geen mens, net Hy alleen / in held're selfbesinning.
  
- 3 Hy sal nou met 'n ysterstaf / sy vonnis oor hul, streng en straf, / met oordeelsdaad bekragtig.  
Hy trap die parskuip met sy voet, / en bring oor hul in volle gloed / die toorn van God almagtig.  
En op sy kleed met bloed gevef, / en op sy heup wat heil verwerf, / staan daar 'n Naam der ere:  
dié oorlog het die pleit beslis / dat Hy die "Hoogste Koning" is, / die "Heer van alle here"!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

### **Katkisasieopening**

#### Psalm 1:1 (p. 1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,  
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;  
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
12 Februarie 2017